

Maandag 27 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 8:1-18

Fokusgedeelte: 2 Samuel 8:14, 15 (1983-vertaling)

Geen sukses sonder God se bystand

Dawid se sukses as staatsman word hier beskryf. Omdat Dawid sy roeping as koning in afhanklikheid van die Here uitgevoer het, kon hy groot sukses behaal en het die Here hom daartoe bekwaam en ryklik geseën.

Ons lees hoe hy die Filistyne en die Moabiete verslaan het en belastings van die Moabiete ontvang het. Om 'n handelsroete na die Eufraatrivier oop te stel, het hy koning Hadad-Eser van Soba verslaan. Hy kon ook wapentuig as buit afneem. Hy het die Arameërs wat vir Hadad-Eser kom help het, verslaan en militêre poste in Aram oprig om sy belange te beskerm en belastings in te vorder. Hy kon ook baie buite neem. Dan hoor ons die refrein deur die hoofstuk: *“Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal net waar hy gegaan het”* (vs 6, 14).

Dawid het die waardevolle artikels asook die oorlogsbuit aan die Here gewy. Dit wys vir ons met watter gesindheid hy hierdie oorloë geveg het. Hy roem nie op homself nie, maar gee aan God die eer. Want die Here is Koning. Omdat hy sy roeping in afhanklikheid van die Here uitgevoer het, kon hy sy volk met reg en billikheid regeer en 'n suksesvolle regeringsadministrasie daarstel.

Dawid kon sukses behaal omdat hy sy roeping in afhanklikheid van die Here nagekom het. Dit wil die Here vir ons uit hierdie geskiedenis leer. In al die roepinge wat Hy op ons lê, kan ons net suksesvol wees as ons dit in afhanklikheid van Hom nakom. Jesus leer ons dit ook in Johannes 15:5: *“Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”*

Ons almal wil 'n sukses van ons lewe maak. Maar alles wat jy uit eie kragte wil doen en waar jy jou eie wil soek, sal noodwendig op 'n mislukking uitloop. Alleen met die Here se bystand en seën kan ons sukses verwag.

Sing: Psalm 31-1:5, 19

Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)